

13. **Mediese besonderhede:**

- 13.1 Naam en nommer van mediesefonds:
- 13.2 Het die leerder enige gesondheidsprobleme of liggaamlike probleme? Indien wel, spesifiseer:
- 13.3 Vorige operasies met datums:
- 13.4 Onderstreep siektes wat leerder gehad het: *Masels, Duitse masels, Kinkhoes, Waterpokkies, Pampoentjies, Skarlakenkoors, Witseerkeel, Rumatiekkors, Geelsug*
Meld ander siektes nie hier genoem:
- 13.5 Is leerder ten volle geïmmuniseer?
- 13.6 Naam van huisdokter wat ingeroep moet word:
- 13.7 Telefoonnommer:

14. **Verklaring en onderneming van ouer/voog**

Ek/ons, die ondergetekende ouer(s)/voog(de) van bogemelde kind, verklaar hiermee dat die inligting, soos verstrekk, na die beste van my wete korrek is, en onderneem dat:

- 14.1 ek minstens 'n kwartaal vooruit skriftelik kennis sal gee as ek van voorneme is om my kind weg te neem, behalwe in gevalle waar die komitee korter kennisgewing aanvaar het en, indien ek nie hieraan voldoen nie, aanspreeklikheid aanvaar vir die volle losiesgelde van die kind tot aan die einde van die skoolkwartaal ten opsigte waarvan kennis gegee moes word;
- 14.2 die betaalbare losiesgelde, soos van tyd tot tyd vasgestel, kwartaalliks/maandeliks vooruit te betaal;
- 14.3 my kind hom/haar aan die huishoudelike reëls en gedragskode van die koshuis sal onderwerp;
- 14.4 Kragtens die reëls insake koshuise sal 'n kosganger wie se losiesgelde vir 'n bepaalde kwartaal nie aan die einde van die kwartaal betaal is nie, vanaf die begin van die daaropvolgende kwartaal nie tot die koshuis toegelaat word nie en nie weer opgeneem word voordat die agterstallige losies betaal is nie;
- 14.5 Die Departement/skool aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige verlies of beskadiging van persoonlike besittings van loseerders nie, hoe dit ook al veroorsaak word;
- 14.6 Ouers word ten sterkste aangeraai om die besittings van hul kinders teen brand, diefstal, ens. te verseker;
- 14.7 Die superintendent tree op in loco parentis vir alle leerders in die koshuis en word gemagtig om as sodanig op te tree as my gevolmagtigde in alle nood-, mediese en ander gevalle.

HANDTEKENING OUER/VOOG..... DATUM.....